H.B.Th.
191, T, 5 (96)

# GELEENTHEIDSREDE

DEUR

PROF H.B. THOM

(Ter geleentheid van die onthulling van die Banneling-beeld op die terrein van die Nasionale Vrouemonument en die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein, 10 Oktober 1983, om 16h30.)

Dit is met huiwering dat ek die uitnodiging van die Nasionale Vrouemonument-kommissie aangeneem het, t.w. om as spreker op te tree by die onthulling van die Banneling-beeld - huiwerig, omdat ons hier op gewyde grond byeenkom, en huiwerig ook omdat ons besig is om 'n toevoeging te maak tot die betekenis van ons aangrypendste monument, ons bekende Vrouemonument. 'n Mens verkeer in geestelike spanning, uit vrees dat jy nie in staat sal wees om aan die verhewenheid van die geleentheid reg te laat geskied nie. Nogtans stel ek dit ten seerste op prys dat ek hier kan wees, en is ek nederig dankbaar dat ek die woord kan voer.

Dit sal my vergewe word as ek op 'n subjektiewe, baie persoonlike noot begin. Ek doen dit omdat ek weet dat hier onder die gehoor vandag verskeie ouer mense is wat my herinneringe met my sal deel, terwyl vir die jonger mense dit seker goed sal wees om daarvan kennis te neem.

Onder die vroegste herinneringe van my lewe in die streek van my herkoms, Aliwal-Noord en Burgersdorp net anderkant Grootrivier, onthou ek dat my ouers en ooms en tantes met dankbaarheid gepraat het oor "die monument" wat in opvolging van 'n gedagte van president Steyn, op Bloemfontein opgerig en ingewy is. Mense het sommer net gepraat van "die monument," en dit was dan vanselfsprekend die Vrouemonument, wat toe op die lippe van almal was. Ek het toe net agt jaar oud geword.

My vader het hom ten seerste betrokke gevoel. As Kolonialer - uit die Pêrel - was hy saam met die Vrystaatste burgers in die veld; hy is later gevange geneem en na Indië verban; en sy oudste broer - dominee op Frankfort - se pastorie is afgebrand, en die dominee is na Ceylon verban. Die Engelse krygshof het bevind dat die twee broers ver verwyderd van mekaar moet wees.

In die betrokkenheid van my vader het my moeder gedeel. Soms het ons die konsentrasiekamp-kerkhowe van Aliwal-Noord, Bethulie en Norvalspont gaan besoek, en dan het sy vir ons grafte gewys, grondhope met 'n gegraveerde plat klip, van 'n vriendin hier en 'n tante daar; of ook klein hopies, met 'n stukkie hout of metaal waarop

die name al byna onleesbaar verweer geraak het, graffies van 'n neef of 'n niggie, wat op tengere leeftyd in die winterkoue van ons oop veld die verwoesting van dubbele longontsteking nie kon oorleef nie.

Daar was altesame ongeveer 50 konsentrasiekampe, wat versprei gelê het oor die Vrystaat, Transvaal, Kaapland en Natal. In hierdie kampe het daar 'n groot totaal van 26 251 vroue en kinders gesterf, d.w.s. mêêr as die republikeinse burgers wat daar ooit op enige tydstip in die oorlog in die veld was.

In ons huislike kring het my vader dikwels oor sy eie ervaringe gepraat en vir ons as kinders ook van die verskrikkinge van die kampe vertel. Ons het alles wel toe nog nie so goed verstaan nie, maar ons het ten minste begryp dat dit om 'n donker tyd in die geskiedenis van ons volk gegaan het. Dat daar manne was wat in die veld baie swaar gekry het, dat daar manne op die slagveld gesneuwel het, en dat baie verban is, dit kon my vader verstaan; immers, dit was oorlog, en sulke dinge kom in 'n oorlog voor; maar dat daar soveel duisende vroue en kinders omgekom het, dit kon hy ten enemale nie verstaan nie, en ook nooit vergeet nie. Hy het die grondwaarheid raakgesien: Die volk wat letsel opdoen aan sy manne, doen letsel op aan sy hande en sy voete; maar die volk wat letsel opdoen aan sy moeders en sy kinders, doen letsel op aan sy hart en sy bloedsomloop; die eerste, die hande en die voete, genees weer, al neem dit ook lank; die laaste, die hart en die bloedsomloop, genees miskien weer, maar miskien ook nooit nie.

Toe die indrukkende verrigtinge in verband met die onthulling van die Vrouemonument op Geloftedag, 16 Desember 1913, afgeloop was, was dit of daar vir my vader berusting gekom het: "Nou kan ons maar stil wees" - was sy woorde - "die Monument sal vorentoe getuig."

Hy het gelyk gehad: die Monument het vorentoe getuig, tot vandag toe. Die Monument met sy perseel, saam met die oorlogsmuseum wat later bygekom het, getuig vir ons vandag nie alleen van die konsentrasiekampe nie, maar van die oorlog as geheel, van die leed van die oorlog, maar tegelyk van die heroïek daarvan. Dit is in ooreenstemming met die omvattende projek wat die Nasionale Vrouemonumentkommissie van stapel gestuur het, nl. om op die terrein van die monument waardige hulde toe te bring aan die nagedagtenis van die vernaamste groepe manne en vroue wat van die oorlog so 'n grootse gebeure gemaak het.

In dié verband dink 'n mens onwillekeurig aan die bannelinge, hulle wat krygsgevangenes was en uit hul vaderland weggestuur is; en onder hulle dan weer veral aan diegene wat hul geliefde land nooit weer gesien het nie en in die vreemde 'n

laaste rusplek gevind het. Dit bring ons by die rede waarom ons hier bymekaar is: die onthulling van die Banneling-beeld.

Ek wil teenoor al diegene wat met die skepping en oprigting van hierdie beeld gemoeid was, my hoogste waardering uitspreek. Hulle het 'n wesenlike behoefte geïdentifiseer. Vir ons as Afrikaners is dit 'n vreemde feit, tot mate selfs 'n bietjie beskamend, dat ons hierdie behoefte nie al veel eerder raakgesien en iets daaromtrent gedoen het nie. Ons kan immers nie sê dat ons nie geweet het wat die bannelinge alles moes deurmaak nie.

Die kamp van Groenpunt by Kaapstad was die vernaamste plek waar hulle byeengebring is. In die Kaap het hulle skeepgegaan; baie het langs die reling op die dek gestaan en gesien hoe Tafelberg, oertydse wagter oor ons suidland, stadig in die deinserige verte verdwyn. Onsekerheid, soms vertwyfeling, het baie oorweldig: die lande van hul bestemming het hulle nie geken nie; waar hul agterblywende dierbares was en hoe dit met hulle gaan, het baie nie geweet nie; hoe lank hulle uit hul vaderland sou weg wees en of hulle ooit weer sou terugkom, kon hulle ook nie sê nie; en ondertussen het die skip hulle meedoënloos verder gevoer, steeds verder en verder die onbekende in.

In die lande van hul ballingskap het hulle aangekom, St. Helena, Ceylon, Indië, die Bermuda-eilande, waar hulle hul na die beste van hul vermoë tuisgemaak het om lang ure van verveling en kwellende gedagtes met handwerkies, voordragte, debatsbesprekinge, boerevermake en diens meer, om te kry. Ondertussen het onsekerheid en verlange aan harte geknaag, en het veral die lot van dierbares in Suid-Afrika groot ontstemming veroorsaak. Die predikant van Frankfort, my oom George Thom, het op Ceylon,soos dit 'n dominee betaam, getrag om met dienste, bidure en persoonlike gesprekke sy mede-krygsgevangenes sterk te maak. Hy het ook 'n lied gedig, in Nederlands soos dit destyds gebruiklik was, wat hy gerig het tot familie en vriende in Suid-Afrika, en wat hy bedoel het tot bemoediging van sowel bannelinge as agtergeblewenes. In die gees het hy hom o.a. tot die moeders in die kampe gewend; die betrokke twee strofes lui:

> Houdt moed, houdt moed mijn' zusters,
> In ons geliefde Land,
> Wij voelen diep uw lijden,
> Wij aan dit verre strand.
>
> Houdt moed, houdt moed mijn' zusters,
> Uw kommer en verdriet,
> Uw tranen en uw zuchten,
> Kent Hij die alles ziet.

Swaar soos die ballingskap was, kon die meeste van die 25 000 krygsgevangenes egter die langverwagte terugkeer beleef; dit was in die laaste maande van 1902, en die vreugde was oorstelpend. Maar dit was nie met almal sô nie, want baie het in die vreemde gesterf, veral bejaardes, prooi van afnemende lewenskragte en van 'n warm, ongesonde klimaat in die lande waar hulle krygsgevange gehou is. Dit is hulle wat, soos die duisendes van die konsentrasiekampe, inderwaarheid die hoogste offer gebring het. Hul grafte lê verspreid oor verre lande, baie vandag al verwaarloos en vergete; en ons het self ook gevaar geloop om nie eens meer aan hulle te dink nie. Maar dit sal nou nie gebeur nie, want ons onthul die Banneling-beeld, en hul name sal altyd rondom die voetstuk vermeld bly.

Hierdie beeld staan vandag in die fokus van ons byeenkoms; immers, as dit nie daarvoor was nie, sou ons nie hier byeen gewees het nie. Ons sien 'n treffende uitbeelding van die banneling, met sy jong seun voor hom, teen-aan hom. Dit is suiwer gesien, want daar was in die kampe ook baie seuns, selfs kinders van skaars agt jaar, en dit is goed en gepas dat ook hulle waardige erkenning kry. Vader en seun staan in 'n fris seebries op die dek van die skip; hulle is ondervoed, verinneweerd en swaarmoedig, maar hul houding is regop en sterk. Die afskeid van hul vaderland, en die onbekende vorentoe, lê hulle swaar op die hart; hulle is bekommerd en beangs, maar hulle is nie wanhopig nie. Ons kan beeldhouer Danie de Jager van harte bedank: hy het 'n prestasie gelewer, wat vir ons almal 'n kleinood besorg het.

Maar dis nie genoeg om te sê dat ons 'n mooi, sprekende beeld het nie; ons moet veral op die betekenis en boodskap daarvan ag slaan.

Ons onthul 'n beeld - "Nog 'n beeld", mag sommige mense sê, "ons het al so baie beelde; is nôg beelde werklik nodig?" Mense verwys na Europese lande, na Italië bv., waar daar op sommige plekke so baie beelde staan dat 'n mens daar verbyloop sonder om jou af te vra wat dié of daardie beeld eintlik wil sê. Die gevaar bestaan dat beeldhouwerke, miskien selfs goeie kunswerke, blote versierings word en nie meer 'n boodskap het nie. Vanselfsprekend is dit iets wat vermy moet word, veral wanneer dit om beeldhouwerk gaan wat met ons geskiedenis te doen het.

X) Kom ons kyk vir 'n oomblik xxx (Vereistes)

As 'n standbeeld, 'n gedenkbeeld of enige ander monument van betekenis moet wees, moet dit noodwendig aan sekere vereistes voldoen. Dit moet bv. in 'n omgewing of op 'n perseel geplaas word waar dit werklik pas. 'n Mens sou nie 'n monument ter ere van die jagter-baanbrekers van Afrika op die Parade in Kaapstad plaas nie; of 'n beeld van Simon van der Stel voor die stadsaal in Johannesburg nie. 'n Monument

en sy omgewing moet in die gemoed dieselfde assosiasies na vore roep; hulle moet mekaar aanvul, hulle moet met mekaar één word. Daarom sal die jagter-baanbreker liewer op 'n strategiese plek bv. op die walle van die Limpopo of die Sambesi moet staan; en die beeld van Simon van der Stel liewer bv. op Stellenbosch of in Kaapstad. Anders is die monument en sy omgewing strydig met mekaar, en die een breek af wat die ander wil opbou.

'n Monument, met name 'n beeld, moet ook 'n kunswerk van gehalte wees. 'n Mens kan nie 'n verhewe gedagte met plat, onwaardige woorde uitdruk nie; of die nagedagtenis van 'n groot historiese figuur met 'n naïewe prulwerk vereer nie. Ook hier moet 'n mens oppas dat ondanks goeie bedoelinge, nie strydige elemente ingedra word nie. Ons weet wel dat daar oor die estetiese gehalte van kunswerke kwaai verskille van mening kan kom. Ons herinner ons nog die ongelukkige, onverkwiklike stryd wat daar oor 'n monument ter ere van genl. Smuts in Kaapstad was. 'n Beroemde Londense beeldhouer is gevra om 'n beeld te skep, en toe dit in die Tuine geplaas is, het vriende van die afgestorwe Generaal dit só afskuwelik gevind dat hulle 'n Suid-Afrikaanse beeldhouer gevra het om 'n ander beeld te maak. En dié beeld is, toe dit aan die bo-punt van Adderleystraat opgerig is, op sy beurt deur ander bewonderaars van die ou Generaal as onrype, stroewe beeldhouwerk afgemaak. Ons herinner ons ook nog die meningsverskille, ofskoon minder heftig, wat daar selfs oor die Hugenote-monument op Franschhoek, en die Afrikaanse Taalmonument in die Pêrel voorgekom het.

Dat sulke verskille soms voorkom, kan 'n mens begryp, maar dit spreek vanself dat met groot sorg getrag moet word om dit te vermy. Daarom is dit noodsaaklik dat vir 'n monument 'n beeldhouer van erkende gehalte gekies sal word, en dat hy sy tema, sy mense en die betrokke geskiedenis deeglik sal bestudeer. Dan moet hy 'n eerlike, deurleefde stuk werk lewer, en slegs dan kan 'n werk van egte gehalte verwag word.

'n Ander vereiste is dat 'n monument tot mense moet spreek. As dit nie die intensiteit van gevoel van 'n indiwidu of groep indiwidue met krag saamtrek en op pakkende wyse weergee nie, dan word dit maar net nog 'n monument, nog 'n beeld, waarby 'n mens sonder belangstelling verby loop. Die intensiteit van gevoel, sy dit leed of vreugde, neerlaag of oorwinning, wanhoop of hoop, moet uit die uitbeelding spreek, uit die figuur of simbool, uit houding, belyning, lig-effek, en selfs ook uit die materiaal wat gebruik word. Dis wonderlik wat die ware kunstenaar-beeldhouer in sy werk met oënskynlik klein trekkies kan bereik: 'n effens geboë hoof, 'n hand wat omhoog reik, 'n blik reg na vore, 'n singende mond - dis sulke dingetjies wat

'n indruk van egte delikate beelding uitdra, wat intense gevoel uit die beeld laat uitbeur, en wat die verskil kan uitmaak tussen 'n dood gewone werk en 'n meesterstuk. Kortom, 'n beeldhouwerk moet, om waarlik geslaag te wees, iets betekenisvols sê; dit moet 'n duidelike, boeiende boodskap oorbring.

Nog 'n vereiste wat aan 'n monument of gedenkbeeld gestel word, is dat dit tydloos moet wees. Dit ontstaan wel in 'n bepaalde tyd en onder bepaalde mense, en dit voldoen aan 'n behoefte van daardie tyd en daardie mense; maar dit moet nie net vir hûlle geldig wees nie, dit moet geldig bly ook vir mense,selfs vir geslagte, wat nog kom. Die tydloosheid van 'n gedenkteken is eers en veral afhanklik van die gedagte waaruit dit gebore is: as 'n gedenkteken gebore is uit 'n behoefte waarvan 'n volk hom baie diep bewus is en waarmee hy reeds jarelank saam leef, dan is die kans goed dat dit geldig sal bly. Maar as dit gebore is uit 'n kortstondige behoefte, miskien 'n modegril van die tyd, dan lê dit voor die hand dat so 'n gedenkteken irrelevant sal word en mense sal koud laat. Hieruit volg dat tydlose monumente gebore word slegs uit diepe behoeftes van 'n volk, wat onder die onweerstaanbare dwang van daardie volk se geskiedenis geskep word.

Hierdie vereistes pas ons toe op die Banneling-beeld. Met vrymoedigheid kan gesê word dat dit nie in 'n meer gepaste omgewing kan staan nie: op die terrein van die Vrouemonument; dit wek sterk verwante gewaarwordinge en assosiasies; by die gees en atmosfeer van die Vrouemonument is dit harmonies en volkome geïntegreer. Dit is terselfdertyd 'n kunsskepping van hoë gehalte. Danie de Jager het sy tema en die betreffende geskiedenis grondig bestudeer, en hy het met meesterhand eerlike hoogstaande werk gelewer, waaroor regskape Afrikaners seker nie sal verskil nie. Hy het ook 'n monument geskep wat op boeiende wyse tot ons spreek, wat in die idioom van die Afrikaner is, en wat die Afrikaner maklik kan verstaan. Dis 'n beeld met suiwere aanvoeling en simboliek; dit gryp 'n mens aan; 'n mens kry die gevoel dat jy jou geestelik nie maklik daarvan kan losmaak nie. Ek het ~~voorheen~~ gesê dat ons die beeldhouer van harte bedank; nou voeg ek daaraan toe dat ons hom ook van harte gelukwens.

Daar is die laaste vereiste: 'n monument moet ook tydloos wees. Ons wil nie vooorbarig wees nie - Danie de Jager seker self ook nie - en in werklikheid sal die tyd moet leer of die Banneling-beeld op tydloosheid aanspraak sal kan maak. Maar as ons dink aan die plek waar dit staan, die gehalte daarvan, en die wyse waarop dit tot die Afrikaner spreek, dan het ons goeie rede om te verwag dat dit wel tydloos sal word,tydloos net soos Anton van Wouw se beelde by die Vrouemonument self.

Ons kom hiermee by die boodskap wat vandag tot ons uitgaan. Gedagtig daaraan dat die Banneling-beeld uit die smart van ons volk gebore is, sou 'n mens dit seker nie vreemd vind as daar in die boodskap ook 'n negatiewe element geleë was nie, 'n element van hardheid, selfs 'n aandrang op vergelding. Maar dit is nie die geval nie. Ons handel oor die gebeure van meer as tagtig jaar gelede; geestelik en fisies het toestande in ons land baie verander, en 'n paar geslagte het inmiddels alweer op die toneel gekom. Die Afrikaner het ook ryp en volwasse geword; hy wil onder sy medeburgers vandag niemand vir die onreg van die verlede verantwoordelik hou, hy wil nie skuld uitdeel en hy wil van niemand vergelding eis nie. Ek het dan ook in hierdie gees uit ons geskiedenis geput; ek het onbevange na die feite verwys, bloot soos hulle voorgekom het. Maar dit moet goed verstaan word: terwyl ons niemand blameer en van niemand vergelding vra nie, moet ook niemand verwag dat ons die besieling van ons geskiedenis, vanweë die oorgevoeligheid van liggeraaktes, in die donker sal gaan toesluit nie. In ons geskiedenis lê die waarmerk van ons aparte volksbestaan, en dis hierdie waarmerk wat deur die Vrouemonument, die Banneling-beeld en ander dergelike monumente bevestig word.

Ons moet toesien dat hierdie waarmerk ongeskonde bewaar bly. Ek merk op dat daar vandag soms konferensies of simposia gehou word om die begrip Afrikaner te bespreek, en dan word geleerde betoë gehou om uit te vind wie en wat die Afrikaner eintlik is. Hierdie aktiwiteit het my nog altyd na 'n min of meer nuttelose oefening gelyk; immers, die Afrikaner is nie 'n geheimsinnige, verborge fenomeen nie; inteendeel, hy is 'n opvallende, ooglopende uitkoms van ons verlede, hy kruip nie agter skuilings weg nie, hy is reeds twee honderd jaar daar - die afgelope dekades meer as ooit tevore. Hy het lof gekry, verdiend en onverdiend; maar hy het nog veel meer kritiek gekry, eweneens verdiend en onverdiend, en die gevolg is dat baie Afrikaners geneig is om kopsku en afgeskrik te raak.

Ek merk ook op dat daar Afrikaners is wat huiwerig geword het om vir hul Afrikanerskap uit te kom, asof hulle hul bewus geword het van 'n sekere skuldgevoel, asof hulle bang geword het om ander seer te maak, asof hulle bang geword het dat hul wellewendheid bevraagteken sal word. Laat ons maar eerlik wees: by party gaan dit so ver dat dit lyk of hulle ~~so 'n bietjie~~ gevoelig geword het om hulle openlik as Afrikaners te laat ken. Dis menslike swakhede wat na vore tree, maar dis teen sulke menslike swakhede dat ons geskiedenis en ons monumente ons moet krag gee.

Dit het tyd geword dat ons openlik en beslis sal getuig vir dit wat ons na aan die hart lê. Maar dan sal dit terselfdertyd kalm en waardig, ordentlik en volgehoue moet wees. Ons getuienis moet veel liewer dié wees van 'n warme hart en 'n koele hoof, as dié van 'n goedkoop plakkaat en 'n opruiende slagspreuk. Die tyd eis van die Afrikaner baie oortuigde, maar ook baie verantwoordelike optrede. Hy het sy vaderland lief, en hy gaan hier bly; maar hy weet dat daar ook andere - anderstaliges en anderskleuriges - in hierdie land woon, en dat hulle, net soos hyself, Suid-Afrika as enigste vaderland ken en hier, naas die Afrikaner, hul regmatige plek moet hê. Die Afrikaner weet ook dat die beleid van skeiding aan anderskleuriges geleenthede gebied het wat hulle voorheen nie gehad het nie, dat baie van hulle hierdie geleenthede aangegryp en aldus materieel en geestelik vooruit gebou het. Die Afrikaner besef dat hy die uitkomste van die beleid van skeiding nie kan verloën nie.

Ons weet almal baie goed dat 'n nuwe bedeling vir ons land voor die deur staan. Of ons dit wil hê of nie, of ons oor die meriete daarvan saamstem of nie, of ons iets beters kan aanbied of nie - dit alles laat ek daar. Maar 'n mens moet siende blind wees as jy nie kan begryp dat daar noodwendig radikale veranderinge gaan kom nie. Die Afrikaner moet voorbereid wees. Hy sal die wil en die kundigheid moet hê, die deursettingsvermoë en die doelgerigtheid, om in 'n nuwe Suid-Afrika, met behoud van eie waardes, sy ankers in eie bodem nog dieper in te slaan; en hy sal in die proses sy historiese Afrikanerskap ongeskonde moet behou. Dat die Afrikaner dit sal kan doen, betwyfel ek nie, mits hy maar met oop oë en goeie begrip na sy verlede kyk, om daaruit die onmisbare besieling te put wat hom in staat moet stel om met opregte Godsvertroue 'n suiwere koers in te slaan, en konsekwent op daardie koers te bly.

As ek dan ten slotte die boodskap moet stel wat hierdie geleentheid tot ons bring, dan sou ek dit in enkele woorde opsom:

> Bly u bewus van u identiteit;
> Bly u bewus van u aanspraak op u bodem;
> En bowenal: Bly u bewus van u onontwykbare
> verantwoordelikheid teenoor u land en al sy mense.

Die weë van ons Albehoeder is vir ons ondeurgrondelik. 'n Bekommerde vader en sy jong seun het op die dek van die skip gestaan. Die kus van Suid-Afrika het vir hulle in die verte vervaag. Vir daardie vader - soos vir baie ander - was dit die laaste keer, want hy is in vreemde grond ter ruste gelê. Die harte van die

seun en die familie is met smart vervul. 'n Aangrypende tragedie sou ons dit noem; immers, met ons beperkte menslike verstand kan ons dit nie anders as 'n groot tragedie sien nie. En tog: dis juis uit daardie tragedie, uit daardie gebeure van menslike weemoed en leed, dat ons vandag krag vind vir die taak wat op ons wag. Die weë van ons Albehoeder is vir ons ondeurgrondelik.

Laat ons die Here dank vir 'n voorgeslag, wat ondanks hul smare lyding manmoedig gestry het. Sonder hulle sou ons as Afrikaners vandag oneindig armer gewees het.

H. B. Th.

BLOEMFONTEIN
10 Oktober 1983